kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Rooikappie-stories in die Jakob-verhale

Skriflesing: Genesis 32:22-31

Broodjies vir die pad

"Our faith, therefore, is not in the words of the Bible. That would be fundamentalism. Our faith is in a person. Our faith is in the Lord who is revealing himself to us. He is the Word who is calling us into personal dialogue. Fundamentalism is a slavish idealization of words which inevitably leads to a rigid, closed-minded, dead-ended approach to the Bible. The Word calls us into a personal dialogue which, in many respects, is like Jacob's wrestling with the angel (Genesis 32: 23-33). Only there, in that sort of personal involvement, do we come face-to-face with the mystery that is God."
— Richard Rohr, The Great Themes of Scripture: Old Testament

"I had a book of Bible stories when I was a kid. There was a picture I'd look at twenty times every day: Jacob wrestles with the angel. I don't really remember the story, or why the wrestling --just the picture. Jacob is young and very strong. The angel is...a beautiful man, with golden hair and wings, of course. I still dream about it. Many nights. I'm...It's me. In that struggle. Fierce, and unfair. The angel is not human, and it holds nothing back, so how could anyone human win, what kind of a fight is that? It's not just. Losing means your soul thrown down in the dust, your heart torn out from God's. But you can't not lose."
— Tony Kushner, Millennium Approaches

"He who risks and fails can be forgiven. He who never risks and never fails is a failure in his whole being."
— Paul Tillich

By Sutherland volg die grootoog
die planete soekend in hul baan:
Iewers moet 'n sterreweg loop
waarlangs die mens kan huis toe gaan.

Maar tevergeefs: Die pad bly toe,
al word hy eeue lank al stof gebid
deur wiggelaars wat "sterrekundig"
toe-oog in hul torings sit.

Bínnetoe, mense, jul moet bínnetoe,
jul kyk in leë beloftes vas.
Die padkaart-praatjies wat jul volg,
kan net maar in die verbeelding pas.

Soek bínnetoe, diep in die éie oog
se donker onbekende agterin:
dis waar die mens se heimwee
en sy sterredroom begin.

M M Walters

Nie geleentheid meer om die sipresse te ruik

Dana Snyman

Dooie mense. Elke dag. In die koerant, oor die TV, oor die radio. Internet. Facebook.

Dit was nie altyd só nie. Op die dorp waar ek grootgeword het, is twee of drie mense, dalk vier, elke jaar dood, en op omtrent elkeen van hulle se begrafnis was jy.

Jy het saam met die ander dorpsmense by die oop graf op 'n Donderdagoggend gestaan en jy kon oom Boet se kis stadig die aarde in sien sak. Jy kon tannie Koba, sy vrou van 37 jaar, se snikke hoor en sien hoe haar seuns haar moet vashou wanneer sy agter oom Boet aan die graf in wou spring. In die lug die reuk van sipresse.

Ná die tyd het jy tee by die kerksaal gaan drink. Op 'n tafel was die troos uitgepak: Reënboogtoebroodjies, klein frikkadelletjies, gevulde eiers.

Uiteraard is daar ook mense in die dorp se lokasie dood, maar van hulle was jy net vaagweg bewus. Die dood was iets ver, en wanneer dit nader aan jou gekom het, kon jy saam treur en rou en dit verwerk. Daar is byna van jou verwag om dit te doen.

In die koerant was die dood hoofsaaklik beperk tot die doodsberigte – 'n kort stukkie op bladsy 24, met 'n foto'tjie daarby. "Ma se heengaan word diep betreur. Rus sag, Ma." Soms sou daar 'n berig wees oor iemand wat vermoor of in 'n motorongeluk dood is.

Oor 'n bekende se dood is waardig verslag gedoen. Televisie was daar nog nie. Ek hoor nog Nic Swanepoel, die Radio Suid-Afrika-omroeper, se lanferstem wanneer hy 'n staatsbegrafnis uitsaai: "Terwyl die wolke soos swierige skepe stadig deur die lug seil, kom die stoet in Kerkstraat af . . ."

Nou sien jy daagliks lyke onder komberse of in plastieksakke lê. Jy sien die kiste, die grafte, en die gesigte van die sterwendes. Jy hou die getalle dop: Soveel in Amerika, soveel in die Wes-Kaap, soveel in Gauteng. Gesiglose, naamlose syfers op 'n kurwe wat opwaarts of afwaarts neig.

Dit voel asof niemand meer waardig in 'n bed in 'n kamer met toegetrekte gordyne in 'n plaasopstal sterf nie. Die werksmense wat kom groet. Gedempte stemme in die sitkamer. Elke keer hoor en sien jy maar net weer nóg een is op 'n plaas vermoor.

As ek doodgaan, wil ek nie 'n begrafnis hê nie, sê baie mense. Drink wyn. Speel my gunsteling-Bruce Springsteen-lied. Vier my lewe.

Is dit nie dalk 'n simptoom van die heersende verbruikerskultuur nie? Jy moet altyd gelukkig en gesond en mooi en geborge wees, soos iemand in 'n tandepasta-advertensie. Dit terwyl 'n mens soms die natuurlike behoefte het om te wil treur en soos Dylan Thomas te rage, rage against the dying of the light oor iemand se dood.

Jy wil liewer iemand se lewe saam met hom of haar vier terwyl hy of sy nog leef. Jy beleef té veel mense se dood deesdae van té naby, sonder om die geleentheid te kry om die sipresse te ruik en saam met tannie Koba agter oom Boet se kis aan te wil spring.

Jy is nog besig om een se dood te verwerk, dan is die volgende een al weer daar.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/nie-geleentheid-meer-om-die-sipresse-te-ruik-20200713-2

"that absolute commitment to God involves a deep and sustained wrestling with God."
— Peter Rollins, The Fidelity of Betrayal: The Ir/Religious Heart of Christianity

"What if Jesus was not offering his followers an ethical system to follow, but rather was inviting them to enter into a life of love that transcends ethics, a life of liberty that dwells beyond religious laws? The difference between following an ethical system and being consumed by love can be seen in the way that ethical systems seek to provide a way to work out what needs to be done so that it can be carried out. In contrast, love is never constrained, it never sits back, it always seeks to do more than what is demanded of it."
— Peter Rollins, The Orthodox Heretic And Other Impossible Tales

"The communist world, it may be noted, has one big myth (which we call an illusion, in the vain hope that our superior judgment will make it disappear). It is the time-hallowed archetypal dream of Golden Age (or Paradise) where everything is provided in abundance for everyone, and a great, just and wise chief rules over the human kindergarten. This powerful archetype in its infantile form has gripped them, but it will never disappear from the world at the mere sight of our superior points of view. We even support it by our own childishness, for our Western civilization is in the grip of the same mythology. Unconsciously, we cherish the same prejudices, hopes, and expectations. We too believe in the welfare state, in universal peace, in the equality of man, in his eternal human rights, in justice, truth, and (do not say it too loudly) in the Kingdom of God on Earth.
The sad truth is that man's real life consists of a complex and inexorable opposites - day and night, birth and death, happiness and misery, good and evil. We are not even sure that one will prevail against the other, that good will overcome evil, or joy defeat pain. Life is a battleground. It always has been, and always will be; and if it were not so, existence would come to an end."
— Carl Gustav Jung

"For most of my life I have struggled to find God, to know God, to love God. I have tried hard to follow the guidelines of the spiritual life—pray always, work for others, read the Scriptures—and to avoid the many temptations to dissipate myself. I have failed many times but always tried again, even when I was close to despair.

Now I wonder whether I have sufficiently realized that during all this time God has been trying to find me, to know me, and to love me. The question is not "How am I to find God?" but "How am I to let myself be found by him?" The question is not "How am I to know God?" but "How am I to let myself be known by God?" And, finally, the question is not "How am I to love God?" but "How am I to let myself be loved by God?" God is looking into the distance for me, trying to find me, and longing to bring me home."
— Henri J.M. Nouwen, The Return of the Prodigal Son: A Story of Homecoming

Brood vir die pad

En tot die einde toe was haar hand in myne

Wilhelm Jordaan

'Mooi is die lewe en die dood is mooi," skryf N.P. Van Wyk Louw in die gedig "Nog in my laaste woorde sal jy wees".

Vier keer in my lewe was ek by toe 'n geliefde mens gesterf het. En het ek, saam met die smart, iets gesnap van "die dood is mooi" omdat hulle heengaan so onuitspreeklik sag en geborge was.

Én 'n getuienis van die baie ryk ure van 'n lewe-: 'n Ouma, jare gelede; my pa; my ma op 100-jarige ouderdom; en verlede week my vrou, Jackie- – my lover, my vriendin, my kollega, my praatmaat, die altyd gretige eerste leser van my skryfwerk, my bedmaat, my saamdinker en soms stuitige rinkinker.

En tot die einde toe was haar hand in myne, 'n samevoeging van ons eiesoortige Edms. Bpk. van byna 52 jaar: "Kom ons stig 'n maatskappy / een sonder winsmotief / besit ons niks nie / Hê mekaar / net lief."

Geen verhouding tussen man en vrou is ooit perfek nie. Daar is mos stroomversnellings en stormwaters so saam met die stiller strome. Daaruit kom 'n diep verbintenis waaroor Herman van Veen met ironie sing: "As liefde soveel jare kon duur, moet dit tog wel liefde wees."

Juis daarom het ons albei Bruce Springsteen se woorde: "If I should fall behind . . . You'll wait for me, I'll wait for you", waar gemaak – die wederkerigheid van omdraai en wag op mekaar omdat jy liefhet.

En toe het my Jackie – die skerpsinnige, formidabele vrou, ma en ouma – onomkeerbaar "agtergeraak" toe haar woorde en gedagtes stadig verdwyn het. Hoe diep haar verleentheid was om nie meer te wees wat sy was nie.

Soos haar "groen vingers" in die tuin. Ek kon my verkyk hoe sag sy blomme aanraak en saggies prewel as sy snoei en knip. Of met 'n saaier se vernuf geoeste saadjies in die akkers strooi. Vra ek hoekom, het sy gesê: "Omdat ek in môre glo." En hoe haar lyf geruk het as 'n boom doodgaan of afgekap moes word.

Blomtyd in Namakwaland moes ek, op haar bevel, dikwels stilhou omdat sy tussen die miljoene veldblomme 'n kleiner veldtuintjie raakgesien het waarvan die rangskikking bekyk moes word. Met dié vermaning: "Jy mág nie pluk nie!" Skelmpies het ek 'n gerfie versamel en na haar uitgehou: "Adam stuur dié vir jou, my vyeblaar." Dan kry haar wettelose man die allermooiste glimlag en sy druk die gerfie teen haar wang.

Ek het dikwels gedink sy sal eendag in 'n onvoorstelbare ander werklikheid, wat ons soms hemel noem, steeds 'n tuin besit en tussen blomme kniel en bid.

Die laaste paar maande kon sy net na die tuin sit en kyk terwyl ek ure lank vir haar musiek speel. 'n Mens kon sien hoe haar nr. 4-voetjies in die wit sokkies tydhou soos 'n voordanser.

Sy het my laat belowe ons sal "Gabriella se lied" uit die fliek As It Is In Heaven by haar begrafnis speel. Dit het ons Vrydag wat verby is, gedoen, met baie blomme en kerse – as feesviering van haar manier van wees in die wêreld.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/en-tot-die-einde-toe-was-haar-hand-in-myne-20200728

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877